# Die Ekumeniese Beweging - Om die Eenheid?

A. C. Viljoen*)

Tot heel onlangs is dit vry algemeen aanvaar dat dit in die ekumeniese beweging gaan om die eenheid van die Kerk. Vandag nog is dit die oortuiging van baie binne en buite die beweging — vriend en vyand. „Ecumenicity", so word gesê, „is the urge to merge".

Met passie en hartstogtelike ywer is die Bybelse eis van die **één Kerk van Christus** gestel teenoor die verskeurdheid en versplintering wat, tereg, 'n god-onterende skandaal genoem is. Van verskeie kante is hierdie hartstog om die eenheid gevoed:

### *Die drang vanuit verskillende hoeke*

Van die kant van die Sending: die één taak van die Kerk in die wêreld. Nêrens dring die sinneloosheid van 'n verskeurde Kerk sig so op as in die sending nie. Histories lê die wortels van die ekumeniese beweging van die twintigste eeu in die sendingbeweging van die negentiende eeu. Johannes 17 : 21 word hier die locus classicus.

Van die kant van die denominasionele gestalte van die Kerk is dit ook benader: — die verskyning van letterlik honderde „Denominasies" wat elk daarop aanspraak maak die Kerk te wees. I Korinthiërs 1 word hier die locus classicus.

In 'n nasionalistiese en rassistiese verskeurde wêreld het die verlange na eenheid in die Kerk ook gegroei: „Laat die Volk van God tog een wees!" is die kreet. Locus classicus: Kolossense 3 : 10 en 11.

Van die verdeeldheid van die Kerk in mondiale verband het verdere aansporing gekom: Die schisma Oos-Wes moet uit die Kerk geweer word in al sy verskyningsvorme: Geestelike imperialisme, westerse paternalisme, „Sendende" en „wordende" Kerke, „Moederkerke" en „Dogterkerke". Slagspreuk: „In Christ there is no East or west, in Him no South or North".

Op ongelooflike wyse het die verlange na eenheid die ganse christelike Kerk in beweging gebring.

### *Kritiek op drang tot eenheid*

Byna met eweveel hartstog egter, soms met venyn wat na 'n christelike sarkasme klink, is hierdie selfde eenheidsbeweging van die kant van andere aan die kaak gestel: 'n moderne toring van Babel! Weereens die hovaardige mens, wat in sy oormoed homself verhef en na die hemel gryp!

In die argelose oorskryding van die „deur God gestelde grense" sou die mens selfversekerd antisipeer op die Koninkryk van God. Met byna vervelende monotonie is die ou teenstelling van eenheid en waarheid herhaal met as enigste gevolg 'n vrugtelose dooiepunt, waaruit nòg na die kant van die waarheid, nòg na die kant van die eenheid uit;gebreek kon word. Eenheid en waarheid word soos die twee denkbeeldige punte van parallelle lyne die moontlikheid van 'n ontmoeting tot in oneindigheid ontsê.

Soms word die hele beweging op simplistiese wyse afgeskryf as een van die simptome van die moderne tydsgees. Die Wêreldraad van Kerke word eenvoudig in korrelasie gebring met die V.V.O. Dit sou die Kerklike arm of vrome gesig van die wêreldorganisasie wees, gebou op dieselfde grondslae van filantropiese humanisme, kosmopolitanisme en internasionalisme.

Aan verbeeldingsvlugte kom haas geen einde: - In die ekumeniese beweging word die subtiele invloed uitgeruik van die internasionale kommunisme wat ons „Christelik-westerse beskawing" ten gronde sou rig.

En nie altyd neem die verhouding tot die ekumeniese beweging 'n aggressiewe vorm aan nie. Naas die aggressiewe afkeer in die „ekumeniese beheptheid" of in die „patologiese nostalgia na die Una Sancta" is daar nog die wysheid en die vroomheid van Gamaliël: Laat hulle staan. Kyk eers die kat uit die boom uit. Stuur waarnemers of tree in korrespondensie. Die werk kan tog nog dalk uit God wees! Laat ons toeskouers wees vanuit die veiligheid van ons isolement. In die sekerheid en geborgenheid van ons tradisionele religieusiteit hoef ons tog immers oor hierdie „nuwe weg" geen beslissing mee te maak nie of kan ons ten minste dit op 'n later en veiliger stadium doen.

So — met die hartklop van verwagting en tegelyk onder heftige anathema's het die diskussie gevorder. Dit het selfs die droogte van indifferentisme deurstaan. Vir lank is aanvanklik gevis in die vlak waters van die eenheid. Talle studies oor die Una Sancta verskyn. Verklarings sien die lig. Konferensies vind plaas oor baie onderwerpe: „The Unity we seek", „the calling of the church to Mission and Unity", „the reunion of the church" ens. Groot skemas vir hereniging word uitgewerk.

Maar na die een Kerk het dit nog helemaal nie gelei nie. Inteendeel het dit soms meer frustrasie gebring. Selfs waar verenigingspogings geslaagd was het dit soms bedenklike resultate gehad tot teleurstelling van die argitekte en tot vermaak van die kritici. Dit word soms gesê dat jy eers veel van jou entoesiasme vir die ekumene moet kwytraak om op 'n realistiese grondslag te kan bid en werk.

### *Eenheid en vernieuwing*

Dit lyk of die resultaat na die vaak vrugtelose rondgespartel na die eenheid van die Kerk nie in die eenheid self gesoek moet word nie maar dáár in dat dit na dieper waters gelei het. Stadig verdwyn die oorheersende saak van die eenheid in die ekumeniese beweging vanaf ons onmiddellike horison om plek te maak vir 'n wyer perspektief en 'n oop veld — vir dit wat dieper lê as die simptoom van die siekte — vir die Kerk as sodanig en vir die vernuwing van die Kerk.

Merkwaardig is dat dit plaasvind in die Protestantisme en Rooms-Katolisisme tegelyk. Onlangs het 'n Roomskatolieke teoloog in Nederland verklaar dat daar tans 'n beweging om hervorming en vernuwing in die Rooms Katolieke Kerk ontwikkel wat selfs die reformasie van die sewentiende eeu in die skadu sal stel. In Wêreldraadkringe word soms met verontrustende heftigheid ontken dat dit vir hulle gaan om die eenheid per se.

Agter alles lê die groeiende oortuiging dat die eenheid alléén irrelevant word voor die meer primêre saak waarom dit gaan. *Die vernuwing van die ganse Kerk in haar ganse roeping in die ganse wêreld.* Pas so kom die eenheid in die regte perspektief.

### *Die balans: Kerk en Koninkryk*

Die Kerk kry weer sy regte korrelaat: nie 'n histories-tradisionele gestalte of arche-tipe nie maar: die Koninkryk van Jesus Christus. Die pelgrims het uitgetrek om die één Kerk alleen maar om te vind dat die weg daarheen is: die één Here van die Kerk. Met Hom alleen en sy volk staan ons gekonfronteerd. Voor Hom staan ons almal saam met geen aansprake om op te roem nie, maar met skuld om te bely. By Hom deur die geloof en deur die aanskoue van die gebroke brood en die vergote wyn word ons in ons gebrokenheid vertroos. Deur Hom word ons tot radikale gehoorsaamheid geroep in die ganse wêreld. Die abrahamietiese tog in die ekumene is geen tog me maar een bestemming: één Kerk, n... maar 'n tog in gehoorsaamheid.

Dit gaan nie meer *daarom om* een heilige algemene Christelike Kerk te wees nie maar om een heilige algemene christelike Kerk te wees. Dit is 'n geheel *nuwe perspektief*: daarin brand die christologie en die pneumatologie. Daarin staan die mens ontdaan van sy religieuse en kerklike hoogmoed, ontdek die mens sy bankrotskap én sy rykdom, word Jesus as die ~~Here bely, aan~~ wie alle mag in Hemel en op aarde gegee is.

Wie nou buite staan, raak uitgesluit. Wie op die tog nie wil voortgaan nie, raak permanent agter. Wie die gesprek minag, raak geheel uit die gesprek.

**) Mnr. A. C. Viljoen is tans lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika in die Dep... van teologie.*

---

*Vervolg van bladsy 1*

# Kerkvernuwing

### *Kursusse, konsultasies, konferensies*

Om 'n paar voorbeelde te noem: hier word 'n kursus aangebied vir vroue om hulle te help om die moeilike aanpassing van 'n landelike na 'n stedelike bestaan te maak. Terselfdertyd poog ons om hulle in staat te stel om die kloof tussen hulle en hulle mans, wat meestal vanweë hulle langer en nouer aanraking met die westerse leefwyse sneller ontwikkel het, te oorbrug. Die nood van huisgesinne, wat aan haas ondraaglike spanninge onderwerp word, word sodoende verlig. In ander kursusse word boere opgelei; politieke en vakbondleiers gevorm; maatskaplike werksters vir arbeid in die myne en munisipaliteite opgelei; joernaliste in die vaardighede van hulle vak afgerig, ens. Kursusse van korter duur bring predikante vir opfrissing, musici en koorleiers vir oefening, eggpare vir opleiding in huweliksvoorligting. ens.

Tussen die kursusse deur is daar 'n gedurige kom en gaan van mense uit alle oorde vir konsultasies en konferensies oor sake van die dag soos rasse-verhoudings, gemeenskapsontwikkeling, volwasse onderwys, voorsiening van *lektuur deur die kerke*, seperatistiese kerkvorming, die roeping van die kerk in 'n snel-veranderende maatskappy, ens. 'n Groot aantrekkingskrag is 'n biblioteek vir navorsing wat ter gedagtenis aan mnr. Dag Hammerskjoeld opgerig word.

### *Aandeel van Ned. Geref. Kerk*

Dit is verblydend dat lidmate en predikante van die N.G. Kerk gereeld opdaag om aan die kursusse en konferensies deel te neem. Drie mans het die afgelope kursus in joernalistiek bygewoon, te wete 'n leraar van Morgenster, 'n onderwyser uit Bloemfontein en 'n teologiese student van Mkhoma. Drie N.G. predikante uit Suid-Afrika het die onlangse samespreking oor die seperatistiese kerke bygewoon. En lesbes, die hoof van die N.G. Sending in Nyasaland is 'n lid van die inrigting se Raad van Beheer.

### *Waarom Mindolo gekies*

Twee vrae bly onbeantwoord: Waarom is Mindolo vir hierdie belangrike onderneming gekies? En waar kom die fondse vir die werk en die instandhouding van die inrigting vandaan?

Die eerste vraag behoef geen lang antwoord nie. Die Mindolo Ecumenical Foundation bestaan maar sedert 1958. Dit is die geestelike afstammeling van die „United Missions to the Copper Belt" (U.M.C.B.), wat in 1945 op aandrang van 'n kommissie van ondersoek van die Internasionale Sendingraad onder leiding van J. Merle Davis gestig is.

Die U.M.C.B. het hulle gedurende die vyftien jaar van hulle bestaan veral aan twee take gewy. Die eerste was die versterking en uitbouing van die sg. „Union Church". Hierdie kerk was 'n spontane samekoms en vereniging van Christene op die Koperstreek, toe die geïnstitueerde kerke agt jaar lank versuim het om hulle lidmate na die kopermyne te volg.

Lidmate van die N.G. Kerke uit Nyasaland en Noord-oos-Rhodesië was ook aanvanklik by die Union Church betrokke, maar ongelukkig het ons kerk nooit kans gesien om aan die werksaamhede van die U.M.C.B. deel te neem. Die lidmaatskap van die Union Church was dus van korte duur! Dieselfde het die lidmate van die Anglikaanse kerk betref. Want hoewel die Anglikaanse kerk aan die ander werksaamhede van die U.M.C.B. meegedoen het, het hulle geen belang gehad by die uitbouing van 'n verenigde kerk, waaraan hulle tog nie van plan was om hulle lidmate af te staan nie!

Die ander werksaamhede van die U.M.C.B. was onderwys en maatskaplike werk. Dit in sigself was 'n omvangryke en veeleisende taak, want die U.M.C.B. was vir die grootste deel van sy bestaan verantwoordelik vir die bestuur van al die Bantoe-skole op die Koperstreek (geen afsonderlike kerk, die Roomse inkluis, is toegelaat om skole van sy eie te organiseer nie), en die behartiging van die maatskaplike werk in al die dorpe. Ongelukkig het die werk te veel geword, en in 1950 moes die U.M.C.B. weens gebrek aan werkkragte tou opgooi. Die arbeid is aan die regering, die plaaslike owerhede en die myne oorhandig.

### *Kerke oor die wêreld dra by*

Waar kom die geld vandaan? Die sendende kerke uit Europa, Brittanje en Amerika het nie opgehou om hulle steun toe te sê, toe die U.M.C.B. opgehou het om te bestaan nie. Die steun het 'n geweldige stoot gekry deur die merkwaardige oplewing van interkerklike hulpverlening na die oorlog. Die bereidheid van die kerke om te gee waar hulp na hulle mening waarlik nodig is, is enorm. Die kerk in Duitsland het bv. onlangs £150,000 vir ons landbou-opleiding gestem; die Britse kerke sit £70,000 by en die Australiese kerke £30,000. Die Sweedse kerk het £35,000 vir die Dag Hammerskjoeld-Biblioteek geskenk. Die Verenigde Kerk in Kanada ondersteun die vormingswerk onder vroue. Die opleiding van joernaliste is 'n onderneming van die Raad van die Kerke in die V.S.A. Die mynmaatskappye en trusts in Rhodesië gee kapitale skenkings vir die oprigting van geboue. Al die bydraes kom sonder voorskrifte en toutjies.

Die gevaar dat ons ons doelstelling uit die oog sal verloor is natuurlik altyd groot. Sou die Satan so 'n inrigting on-versoek laat? Daarom wil ek hierdie artikel afsluit met 'n dringende beroep op voorbidding, opdat ons getrou mag bly aan ons roeping, en die kerk van Christus mag bly dien in sy diens aan die wêreld.

**) Ds. Oglethorpe is 'n predikant van die Ned. Geref. Kerk en is vise-prinsipaal van die Instituut.*